## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **KORTVERHALE** | **(40)** |
| **AFDELING B:** | **LANG TRANSAKSIONELE TEKS** | **(30)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar met 'n swart of blou pen.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

**STERKTE!!!**

## **AFDELING A: KORTVERHALE**

VRAAG 1 – Blind Date (Christie Nortjé)

Lees die uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> Esmarie kan haar lag nie hou nie. Sy druk die selfoon weg. “Ek het al tagtig keer sy boodskappe gelees. Grys is naby aan blond,” lag sy. “En dalk het hy per ongeluk verkeerd getik. Die een moes seker ná die vyf kom.” Nelda gluur haar aan. “Dalk is dit nie hy nie. Dalk sit hy net toevallig daar by die tafel in die hoek.”
>
> “En hy het seker toevallig ‘n pers blom op die tafel gesit.”
>
> “Dalk kon Marnus nie self kom nie en toe stuur hy iemand.” Nelda klink hoopvol. Esmarie trek haar gesig. “Sy pa?”
>
> “Met ‘n vriendin soos jy het ‘n mens nie vyande nodig nie.” Nelda gluur haar aan.
>
> “Jy het gedink jy gaan na jou eerste hoërskoolsokkie toe met ‘n *hunk* aan jou sy. Jy’t nooit gedink dit gaan ‘n ou omie wees wat aan jou arm hang oor hy dalk kan omval nie,” giggel Esmarie.

1.1 Waar het Nelda en beplan om te Marnus ontmoet? (1)

1.2 Nelda het alleen gegaan om vir Marnus te ontmoet.

Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.3 Kies die woorde uit die blok om die sin KORREK te voltooi. Skryf SLEGS die vraag-nommer en KORREKTE woord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| blonde | groen | bruin | dertien | blou | vyftien |

Marnus het gesê hy is 1.3.1 ... jaar oud, met 1.3.2 ... hare en 1.3.3 ... oë. (3)

1.4 Hoe hét die man gelyk wat by die tafel gesit het? Noem TWEE eienskappe. (2)

1.5 Wat sou Marnus op die tafel hê, sodat Nelda weet dit is hý? (1)

1.6.1 Op watter sosiale media het Nelda en Marnus ontmoet? (1)

1.6.2 Watter FOUT het Nelda op hierdie sosiale media gemaak? (1)

1.6.3 Watter GOEIE ding het Nelda op die sosiale media gedoen? (1)

1.7 Pas die reaksie in KOLOM B by die karakter in KOLOM A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Nelda | A Het gehuil. |
| 1.7.2 Marnus | B Was bekommerd. |
| 1.7.3 Esmarie | C Was in sy skik. |
| | D Het gedink dit is snaaks. |

(1x3) (3)

1.8.1 Sommige dele van die kortverhaal is skuinsgedruk. Waarom dink jy is dit so? (1)

1.8.2 Dink jy dit is effektief in die storie? Sê JA of NEE en gee ‘n REDE vir jou antwoord. (1)

1.9.1 Wie het aan ‘n plan gedink om van Marnus ontslae te raak? (1)

1.9.2 Wie het die persoon in 1.9.1 gesê is “Nelda”? (1)

1.9.3 Wat het Marnus toe gedoen? (1)

1.10 Watter belangrike les, dink jy, het Nelda geleer? (1)
**(20)**

VRAAG 2 – Die Krieketkolf (Erns Grundling)

Lees die uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> Maar vandag is sy groot kans. Dis die laaste wedstryd van die seisoen en môre is sy veertiende verjaardag. Hy staan op 38 lopies, sy beste telling tot dusver. Die opponente se boulaanval lyk nie te gevaarlik nie. Hy moet net kophou en nie sy paaltjie weggee nie.
>
> Marius draf deur vir ‘n enkellopie en Okkert staan reg vir die volgende aflewering. Hy slaan ‘n foutlose hou en die bal trek tot doer in die pawiljoen. *Crooked Finger* lig sy arms omhoog, dis ‘n ernorme ses! Die adrenalien pomp deur Okkert se are. Hy het 44 lopies. Hy kort nog net ses lopies vir daardie vyftigtal en ‘n nuwe krieketkolf. Dan sal sy pa tevrede wees.
>
> Op die pawiljoen word daar nog eers na die bal gesoek. Die skare lag toe ‘n meisie die bal na die veld probeer gooi, maar een van die tellinghouers teen die skouer tref.

2.1 Gee die naam van die skool waar hulle die krieketwedstryd speel. (1)

2.2 Wat is *Crooked Finger* se regte naam? (1)

2.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die vraagnommer en die KORREKTE letter neer. bv. 2.3 E

Toe Okkert sy pa by die wedstryd sien, was hy ...

A opgewonde.
B hartseer.
C bly.
D verbaas. (1)

2.4 Watter tipe kar ry Okkert Senior? (1)

2.5 Okkert Senior het vir Suid-Afrika teen Australië krieket gespeel.

Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.6 Hoeveel lopies moes Okkert hierdie seisoen aanteken? (1)

2.7 Kies elke keer die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf SLEGS die nommer en die woord neer.

AB de Villiers is Okkert se 2.7.1 (vriend / held). Hy het ‘n plakkaat van hom teen sy 2.7.2 (muur / foon) wat AB 2.7.3 (geteken / geneem) het. (3)

2.8 In watter graad is Okkert? (1)

2.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die vraagnommer en die KORREKTE letter neer. bv. 2.9 E

Okkert sukkel om op krieket te konsentreer omdat ...

A die matrieks hom boelie.
B die onderwysers kwaai is.
C hy te veel krieket speel.
D hy nie van skool hou nie. (1)

2.10.1 Wat is die nuwe meisie se naam van wie Okkert hou? (1)

2.10.2 Watter sport doen sy? (1)

2.11.1 Wie het vir Okkert op die veld getart (*taunted*)? (1)

2.11.2 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat die gevolg (*consequence*) van die getart was. (2)

2.11.3 Hoeveel totale lopies het Okkert teen die einde aangeteken? (1)

2.12.1 Wat het Okkert se pa vir hom vir sy verjaarsdag gekoop? (1)

2.12.2 Dink jy dit was regverdig (*fair*) van sy pa om dit te doen? Sê JA of NEE en gee ‘n REDE vir jou antwoord. (1)

2.13 Okkert senior, soos baie ander ouers, het baie van Okkert verwag (*expect*) en dat hy in sy voetspore moes volg.

Dink jy dit is reg van ouers om dit van hulle kinders te verwag? Sê JA of NEE en verduidelik hoekom jy so sê. (1)
**(20)**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B – LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3 – Vriendskaplike Brief

Jy moet ‘n brief aan jou maatjie oor jou nuwe hoërskool skryf. Het jy die regte keuse van hoërskool gemaak? Vertel van jou nuwe vriende, onderwysers, senior leerlinge en die sport en/of kulturele aktiwiteite waaraan julle moet deelneem.

Jou brief moet 120 -150 woorde beslaan en jy moet beplanning wys. **(30)**

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

